DIE GEREFORMEERDE GEMEENTE:
PRETORIA-MONTANAPOORT
30 Mei 1999 – 30 Mei 2009

10 Jaar bruidsgemeente van die Here! 'n Ongelooflike genade om aan die hand van die Koning van die Kerk deur die lewe én wêreld met sy stukkend, maar ook nuutgemaak in Christus, gestuur en gelei te mag word.

Op 30 Mei 1999 stig Pretoria-Montanapoort af van Pretoria-Magalieskruin. 'n Loflied klink tot God se eer, want:

- daar is ouderlinge vir die sestien wyke;
- daar is sestien diakens om die Here se liefdesgemeenskap te bedien;
- daar is diensknegte en diensmaagde (380 belydende lidmate) om in die diens van gelowige met geesdrif te dien.
- daar is 140 dooplidmate wat kinderlik die Here se lof besing.

Nie lank na die afstigting word 'n predikant beroep. Dr. P.H. Heystek volg die roeping op en 'n hartlike verhouding groei tussen leraar en lidmaat. Ons soek na die wil van God. Ons aanbid die lewende Here met oorgawe. Ons kniel by die Golgotakruis. Ons bid die Here om ons (groot en klein) te begenadig om dinamies kerk in die wêreld te wees.

Tien genadejare. Onuitspreeklike guns. Die Here regeer! Elke dag tegemoet met geesdrif. Die Here kom! Bruid en Bruidegom vir ewig bymekaar.

Die Here seën dié gemeente van Hom. Tans is daar 26 wyke met 418 belydende lidmate en 140 dooplidmate wat tot die eer van die Koning van die kerk, Jesus Christus lewe.

KOM HERE! KOM GOU!

En tot dan: Kinderlik Koningskind te wees.

Dr. P.H. (Pieter) Heystek
(V.D.M.)

30 Mei 2009